# Hey! Brokkies Nuus
# 28 Maart 2012

**Kan dit regtig al amper April wees? Die tyd vlieg & die seëninge word uitgestort deur ons Vader!**

Geluk aan Lawrencia se prefekte





Noodhulp opleiding

## Wat het intussen alles gebeur ?

**1.Lawrencia wys prefekte aan:** Op 12 Maart het Hey! weer die prefekte balkies oorhandig tydens 'n funksie wat ons gereel het. Daar was geleentheid om met die gr4 tot 9 groep te praat oor leierskap en daarna is die hele skool bederf met heerlike koek. Ons probeer om 'n verskil te maak in hierdie kinders se lewe en daarom het Vanessa op 26 Maart die prefekte en paar ander leerlinge geneem vir noodhulp opleiding deur Metro Nooddienste. Die 30 kinders het baie geleer (en Vanessa se verversings geniet ) Ons wil graag die ouers ook bereik.Bid vir wysheid m.b.t. hierdie droom van ons! Daar is heelwat uitdagings soos vervoer van hierdie mense, baie woon in die omliggende plakkerskampe.

Dankie aan die Lochie vrywilligers !





**2.Vrywilligers vind hul voete!** Daar is tans sowat 48 vrywilligers wie die verskillende klasse waarneem by die skole. Daar was tye wat ons so moedeloos was met 'n tekort aan hande maar God voorsien so getrou! Soos deure open staan ons telkens voor dieselfde vrae: 1) Wie sal die werk kan doen? 2) Hoe, waar, wanneer gaan hulle opgelei word? 3) Gaan hulle end-uit die taak kan volhou? Hierdie vers getuig daarvan dat dit God is wat mense toerus en bly 'n deurlopende gebeds - versoek: **Eksodus 31:3 "Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen."** Ons kry almal ons krag van God af wie ons geroep het, dankie Here!



Die gr 3 Beaumont groep leer om met God se bril in liefde na ander te kyk

Sterkte in Benoni,mag Jesus jou seën



**3. Belinda verhuis na Gauteng**
Na baie gebede verhuis Belinda se gesin na Benoni waar haar man, Dirk werk gekry het. Ons sien hierdie as nuwe lande waar sy saad sal kan saai! Rynfield Primary en skole in die Benoni plakkerskamp area en weeshuis in haar omgewing is sulke "land" Ons gaan jou baie mis, Belinda maar weet dat God groot planne het vir julle!

**4. Skole bediening:**Lochnerhof in Strand, Lawrencia laer in De Novo, Somerset-Wes primer, De Hoop en Beaumont in Somerset-Wes en die Pêrel projek se kinders op Rustenhofplaas gaan van krag tot krag en ons geniet dit om te sien hoe die kinders groei (geestelik en fisies!). **5. Nuut op die horison: Firgrove primer** in Macassar het die groen lig gegee om daar te begin bedien en Chris sal aanbieders kan oplei. **Gr 6 klas by Beaumont begin met "Sout van die Aarde" leierskap program** soos Jesus ons leer.



Groeigoggas het pret!

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**